Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2018

# AFRIKAANS HUISTAAL V1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE:** **70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**. Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

Kopiereg voorbehou 

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1 | ’n Boelie by die werkplek is slim/slu/skelm/listig om eie voordeel te behaal – “uitgeslape” √<br>“vyand”– kollegas is daar om na mekaar se belange om te sien √ | (2) |
| 1.2 | Dit kom eintlik voor by kinders en tieners se gedrag. √ | (1) |
| 1.3 | Konsultante beskik oor legio (baie) stories oor kliënte √<br>EN wat ook op verskillende wyses by die werk geboelie word. √ | (2) |
| 1.4 | Die hoofoorsaak is die perverse behoefte aan en die verkryging van mag. √ | (1) |
| 1.5 | Die boelie se aksies is meestal subtiel en onderduims. √<br>Boelies veins verbasing en onskuld wanneer hy/sy gekonfronteer word. √<br>Boelies se treitering is moeilik om te bewys/vaag. √<br>Die gevolg vir die slagoffer is ’n magtelose, verlammende gevoel omdat hulle nie geglo word nie. √ | (4) |
| 1.6 | Die slagoffer word as onbekwaam beskryf. √<br>Die slagoffer word verneder voor kollegas of kliënte. √<br>Die slagoffer voel skaam selfs al het hy/sy niks verkeerd gedoen nie. √<br>Senior bestuurders ignoreer die klagtes van viktimisering. √<br>Medewerkers kan hul aan die kant van die boelie skaar en kan selfs die slagoffer verder straf. √<br>*Enige DRIE van bogenoemde of soortgelyke antwoorde.* | (3) |
| 1.7 | Die slagoffer weerhou inisiatief en kreatiwiteit. √<br>EN vermy selfs spanningsvolle situasies deur siek te wees. √ | (2) |
| 1.8 | Dis ’n feit aangesien:<br>Navorsing het bewys dat slagoffers 26% meer siekteverlof neem as werknemers wat nie aan treitering blootgestel word nie. √ | (1) |
| 1.9 | Magsugtige leierskap/Gebrekkige of afwesige leierskap √ | (1) |
| 1.10 | Buitefaktore speel ook ’n rol in boeliepraktyke (in toksiese organisasies) aangesien Suid-Afrika oor ’n toenemende ekonomiese magteloosheid binne ’n groter ekonomies-politieke stelsel ervaar wat selfbelang, selfverryking en uitbuiting aanmoedig. √ | (1) |
| 1.11 | Die oplossing begin by die magstruktuur van die organisasie en rolspelers met meer mag as die boelie.<br>Die redes vir die swak sukses van slagoffers is omdat individuele gesprek met die boelie, √<br>mediasie (onderhandeling) ook nie sukses waarborg nie. √<br>Die slagoffer kan dikwels getraumatiseer word, √<br>En daar is ook min sukses wanneer daar by seniors gekla word / seniors is dikwels onbetrokke en tree nie daadwerklik op nie. √ | (3) |

| | | |
|---|---|---|
| 1.12 | Die slagoffer moet deeglik voorberei voordat daar gesprekke met die boelie se bestuurder kan plaasvind. √<br>Die slagoffer moet bewyse en getuienis versamel en opskryf deur √<br>Aanmerkings √<br>Soorte opdragte en take moet ook aangeteken word. √ | (3) |
| 1.13 | Die leerder staan met 'n valhelm, √<br>Skouerbeskerming √<br>'n "kussing" voor sy lyf vasgebind √<br>asook stewels en lyk eerder asof hy/sy 'n soldaat is gereed vir geveg. √<br>Die plakkaat/inskrywing links agter dui ook die geweld by skole aan. √<br><br>*Enige TWEE van bogenoemde of 'n soortgelyke antwoord*. | (2) |
| 1.14 | Ja, dis ironies, want 'n mens verwag dat leerders/kinders by skole ook ingelig word van boelies en boeliegedrag en duidelik blyk dit in die spotprent dat hierdie leerder eerder na 'n gevegsone op pad is en nie na 'n vreedsame skool sodat onderrig kan plaasvind nie. √ | (1) |
| 1.15 | Die leerder in die spotprent is aangetrek vir oorlog voer en dit sluit aan by paragraaf 1 se verduideliking van wat boeliegedrag is (bewustelike, opsetlike, vyandige, herhaalde gedrag wat plaasvind. √<br>Daar is ook nie 'n kans dat die leerder sukses gehad het met gesprekvoering nie.√ | (2) |
| 1.16 | Navorsing toon dat boeliegedrag reeds gewelddadig is en nie net verbaal nie. √ | (1) |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

**Nasien van die opsomming:**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ŉ opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken vir HT:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal:10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe.
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe.
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe.
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Die res van die opsomming word geïgnoreer.
- Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

Kopiereg voorbehou 

**MOONTLIKE PARAGRAAF:**

Tieners en ouers dink anders oor dinge omdat beide 'n nuwe fase betree. Ouers en tieners hanteer konflik anders. Die verhouding tussen die ouer en die tiener verander soos wat hul groter word. Tieners en ouers gaan deur oorgangsfases dus verander individue ook. Tieners vorm 'n unieke identiteit en die ouers sukkel om die verandering te hanteer. Ouers wil hul kinders beskerm. Tieners se fisiese veranderinge maak dit vir hulle moeilik om daarby aan te pas.

**Getal woorde**: 79

**Antwoord: Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.**

| AANHALINGS UIT TEKS: | MOONTLIKE BEWOORDING |
|---|---|
| • Ouers en tieners **begin anders dink** oor dinge. | Tieners en ouers dink anders oor dinge omdat beide 'n nuwe fase betree. |
| • Nie ouers of tieners **hanteer konflik** op 'n manier wat die ander party tevrede sal stel nie. | Ouers en tieners hanteer konflik anders. |
| • **Verhoudings** tussen ouers en tieners **verander** soos wat die kind groter word. | Die verhouding tussen die ouer en die tiener verander soos wat hul groter word. |
| • **Individue verander** ook. | Tieners en ouers gaan deur oorgangsfases dus verander individue ook. |
| • Die **ouers sukkel om die verandering** in die tiener se lewe **te hanteer**. | Tieners vorm 'n unieke identiteit en die ouers sukkel om die verandering te hanteer. |
| • Tot aan die einde van hulle lewe het **ouers steeds die behoefte om te beskerm** en seker te maak dat dit goed gaan met hul kind. | Ouers wil hul kinders te alle tye beskerm. |
| • Tieners se **fisiese veranderinge maak dat dit dikwels moeilik** is vir hulle om by die veranderinge by te bly en aan te pas. | Tieners se fisiese veranderinge maak dit vir hulle moeilik om daarby aan te pas. |

(79 woorde)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of die spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

### VRAAG 3

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Wye/groot verskeidenheid leesstof (vir vroue en mans) | (1) |
| | | |
| 3.2 | Dit is die skakel met die onderskeie tydskrifinhoud/<br>Om die allesomvattende verskeidenheid aan te dui | (1) |
| | | |
| 3.3 | Alles **is** op een plek/<br>Alles **blyk** op een plek (te wees)/<br>Alles **skyn** op een plek (te wees) | (1) |
| | | |
| 3.4 | Moet jy nou jou gunsteling Afrikaanse tydskrifte en koerante aanlyn op netwerk24.com vir net R99 per maand kry? | (1) |
| | | |
| 3.5 | Om manipulasie aan te dui/<br>om leser te manipuleer | (1) |
| | | |
| 3.6 | Maandeliks | (1) |
| | | |
| 3.7 | Kuiergaste | (1) |
| | | |
| 3.8 | Finansiële<br>*(Spelling moet korrek wees.)* | (1) |
| | | |
| 3.9 | gastehuis/losieshuis/weeshuis/kinderhuis | (1) |
| | | |
| 3.10 | Koekie met die hart dui op liefde/lief vir die lees van Afrikaanse tydskrifte<br>Dit dui partydigheid aan/<br>Dat die Afrikaanse leser lief sal wees vir die lees van die tydskrifte. | (1) |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4: STROKIES

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | H**o**ndjie | (1) |
| | | |
| 4.2 | Genl./genl. | (1) |
| | | |
| 4.3 | Nee, niemand het dit vir my teruggebring nie. | (1) |
| | | |
| 4.4 | Omdat hy jou nommer in my beursie gekry het, sal ek maatreëls moet tref! | (1) |
| | | |
| 4.5 | Die hoofbedekkings op hul koppe/die kamele | (1) |
| | | |
| 4.6 | Daar is meer as een gesegde dus is dit nie ’n enkelvoudige sin nie. Daar is ’n hoofsin sowel as ’n bysin. | (1) |
| | | |
| 4.7 | Die vliegtuig is oud. | (1) |
| | | |
| 4.8 | Oral | (1) |
| | | |
| 4.9 | Dames/Meisies | (1) |
| | | |
| 4.10 | Ek is jammer. | (1) |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Suid-Afrika streef daarna om vinnige aanvallende rugby te speel. | (1) |
| | | |
| 5.2 | Knie | (1) |
| | | |
| 5.3 | Onder | (1) |
| | | |
| 5.4 | Onfiks | (1) |
| | | |
| 5.5 | Die fiksheids-en kondisioneringsghoeroe wat verlede jaar nog in Brittanje gebly het, sê ons spelers is net so groot en sterk soos enige ander rugbyland s'n. | (1) |
| | | |
| 5.6 | hindernis/uitdaging/kwessie | (1) |
| | | |
| 5.7 | Jy het baie moed as jy in die leeus se hok wil klim, of is jy net domastrant?/Jy moet die moed van jou oortuiging hê. | (1) |
| | | |
| 5.8 | Waarskynlikheid/moontlikheid | (1) |
| | | |
| 5.9 | Die kultuur onder baie van ons spelers sal egter "vrot" wees.<br>*(Die aanhalingstekens is opsioneel.)* | (1) |
| | | |
| 5.10 | Ekstra inligting ten opsigte van die beroep word gegee./<br>Die begrip "wat jou beroep behels" word uitgebrei./<br>'n Voorbeeld van opoffering wat gemaak moet word, word gegee. | (1) |
| | | **[10]** |
| | | |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou